BEELD, GODSDIENSAKTUEEL

Mans, saag die tak af waarop julle sit. Kerk magtigste agent vir manlike oorheersing.

Julian Müller

Onlangs was daar 'n koerantberig oor 'n peiling van mense se ervaring van geluk en hoop vir die toekoms. Die bevinding? Wit mans het bo uitgekom. Wit mans is die gelukkigste en hoopvolste groep in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing.

Is dit 'n onverwagse uitslag? Ja en nee.

Ja, want dit is immers wit mans wat in die afgelope jare soveel moes inboet aan werksekuriteit. Hulle het eerste hulle poste verloor en baie is verplig tot vervroegde aftrede. In 'n groepbespreking het iemand onlangs die bewering gemaak dat wit mans deesdae die mees gemarginaliseerde groep in die samelewing is. As jy vir 'n betrekking aansoek doen, word die feit dat jy wit is en 'n man is, teen jou gebruik. Waar dit vroeër in jou guns getel het, word jy nou deur jou kleur en geslag benadeel. Daarom "ja", dit is 'n onverwagse uitslag.

En tog is die antwoord ook "nee". Dit is nie 'n onverwagse uitslag nie want op een of ander manier is wit mans nie verdryf na die kantlyn van die samelewing nie. Hou maar net die koerante en die TV dop. Kyk maar net rondom jou in die strate en gange, kyk na die tekens van welvaart en mag: duur karre, klere, selfone en dan weet jy dit gaan steeds baie goed met die wit man. Daar is omtrent geen groot korporasie wat nie deur 'n wit man beheers word nie. Dit geld ook vir sport en godsdienstige intellings. Uitsondering is staatsinstellings, maar as jy bietjie agter die skerms gaan loer, vind jy nog 'n sterk teenwoordigheid van wit mans.

Dinge verander ook nie so maklik nie. Nie dinge wat oor eeue gevestig geraak het nie. Daar bestaan idees en konsepte oor watter mense en watter groepe belangriker is as ander. Niemand spesifiek het dit uitgedink nie en daar is ook nie 'n geheime mag wat dit in stand hou nie. Dit word oorgedra van geslag tot geslag en dit word aanvaar as vanselfsprekend. Die diskoers van mag en bevoorregting, wat gekoppel is aan geslag, ras en ouderdom, is so ingeburger dat selfs dié wat daaronder ly, meewerk om dit in stand te hou. Ons raak almal gewoond daaraan en dit gee sekuriteit na bo en na onder.

In die Nuwe Suid-Afrika is daar 'n klomp goeie maatreëls in plek om hierdie onregverdige en ongeoorloofde diskriminasie teen sekere groepe reg te stel. Regstellende aksie. Daardeur het heelwat van die voorheen benadeeldes nou in posisies van mag gekom en die samelewing vertoon uiterlik 'n veel groter mate van gelykheid. En tog slaan die wit mans steeds die kitaar.

Ek is self 'n wit man. Daarom is daar 'n deel van my wat net die status quo gehandhaaf wil hê. 'n Ander deel van my protesteer teen die onreg en besef ook dat ten diepste ekself benadeel word deur my deelname aan gewaande mag en meerderwaardigheid. Sou ek net gemaklik en willens en wetens die bevoorregte posisie bly aanvaar en inneem, verlaag dit my tot 'n ratjie van 'n onderdrukkende struktuur.

Hoewel sulke gevestigde idees moeilik verander, weet ons dat dit wel kan verander. Die vraag is of ons dit wil verander?

Die kerk se rol in hierdie verband is ongelukkig twyfelagtig. Aan die een kant verkondig die kerk die evangelie van gelykheid, aan die ander kant vertoon hy slegter as die meeste ander instellings in die samelewing. Kyk mens na die man vrou-verhouding in lidmaatgetalle en jy vergelyk dit met die verteenwoordiging van vroue op belangrike kerklike liggame, is daar 'n groot diskrepansie. Die kerk wat einlik die voortou behoort te neem in die regstel van onregverdige praktyke, is helaas dikwels die laaste om konkrete veranderinge aan te bring.

In 'n groot deel van die Christelike kerk, word die meerderwaardige posisie van die man selfs as 'n godgegewe skeppingsordening gepreek. Mans word beskou as die leiers bloot op grond van hulle geslag. Hulle word wel gemaan om vriendelike en diensgerigte leiding te gee, maar hulle posisie word nie bevraagteken nie. Inteendeel, volgens dié teologie verteenwoordig hulle God self in hulle verhouding met vroue en kinders. So word die kerk die magtigste agent vir die instandhouding van die manlik gedomineerde samelewing.

Ons as manlike teoloë en predikante sal dit as ons roeping moet sien om die gerieflike tak waarop ons sit, af te saag ter wille van die vrymakende boodskap van die evangelie van Jesus. Ons sal dit alleen kan doen as ons ons sekerheid vind in ons nuwe identiteit as volgelinge van Christus en so bevry word van gewaande en beperkende sekerhede wat in groepsmeerderwaardigheid skuil.